

Nomades Roete-Terugvoer.

Berg en Rivier

3 tot 5 Maart 2017.

Sowat 40km (25km teer en 15 km goeie grond) noord van Bronkhorstspuit.



Wilna Moolman, Ilizette van Immerzeel, Marius Stander, Jan & Corrie du Preez, Anna-Marie Lotter, Fritz van Deventer, Phrina Oosthuizen, Helga Gombert, Magda Grobler, Cornea Maree, Ester de Castro, Luis Rocha, Richardt Human (net Saterdag dag-stapper), Corrie van Rensburg, Hennie Steyn; Voor> Jannes van Ryssen, Piet van Immerzeel, Marli Toerien en Norma Grotius stap saam. Ons is 21 wat Saterdag stap, 20 slaap oor. 22 het bespreek.

Drie 'familie eenhede' word aan ons toegeken. Vrydag middag word nog so biedjie geskarrel om die plek reg te kry en beddens rond te skuif aangesien daar groot skoolgroep die week daar was. In eenheid 1, 'Tarentaal' is die twee dubbelbeddens vir die twee paartjies. In eenheid 2, 'Patrys', is 8 beddens, waarvan 2 ingeboude enkel beddens is en dan 3 stapelbedjies agterin. In eenheid 3, 'Fisant' druk hulle 5 stapelbedjies in vir 10 mense om in te slaap. Daar is meer as 10 eenhede, waarvan elkeen sy eie enkel badkamer het en kombuisie in die lodge. Die kombuisies het elkeen 'n ketel, mikrogolgoond, 2 plaastofie, 'n paar potte ens, borde, koppies en eetgery wat ons op versoek gekry het. Die beddens het slegs lakens en kussings op.

Netjies en skoon, met alles wat nodig is, maar defntief nie luuks nie. Hulle vra R475 per persoon vir die naweek.



Vrydag middag gaan stap 'n paar van ons af rivier toe en gaan kyk na die kampeer terein by die rivier asook 'n baie meer basies slaapsaal, met 'n baie lekkerder GROOT kuier-area onder dak en netjiese ablusie geriewe, maar die slaapsaal kort 'n bietjie aandag. Alhoewel 'n stapper wat weet wat hy gaan kry en aansienlik minder betaal as wat ons betaal het, dit ook sal aanvaar.

Daar word vir ons twee drom-braaier uitgehaal en Rudi help/reel om stene onder in te pak sodat die brikette se hitte darm bo by die vleis kan uitkom. Heerlik saamgekuier en ge-eet die Vrydagaand.



Saterdagoggend die langer Rivier roete aangepak. Volgens die kaartjie wat verskaf is 15.3km. Uit by die Lodge se hek, oor die grondpad, verby die dam met sy paar ou geroeste motor-doppe, deur die kampeerterein by die rivier en net onder die ander kamp met die groot slaapsaal, ook langs die rivier verby. Dan 'n entjie al langs die rivier oewer met sy mooi digte oewer woude. Dan oor 'n enkel-sement bruggie (op ~1.5km) wat die enigste manier is om droogsvuets oor die rivier te kom. Daar word gewaarsku op 'n plek dat 'n seekoei jou dalk kan kom groet.



Nou aan die anderkant van die rivier al teen die oewer langs. Sowat 6km. Die deel is grootliks onder heerlike bosse met hul koelte. Daar is ook 'n stopplekkie oopgesny 'Rudi se koelte' waar ons bietjie asem terug kry. Houtratte is selfs daar gepad vir bietjie sitplek. Dit is 'n lang stap.



Nou begin ons 'n koppie uit te gaan. Mooi groot wilde vye langs die pad. Ons soek die grootste koelte vir die groep en neem 'n blaaskans en versnapperings. Dit is warm. Daar is vir ons belowe deru Johan die roete is oopgesny, maar sy werkers het maar net onderlangs die rivier gesny, Die koppie stukkie is nie mooi oopgesny nie en die paadjie nie ge-definieer nie, en die groep groep soek nog op 'n paar plekke die paadjie. Die merkers is hier nie oral gou sigbaar nie, maar veral nadat die voorste-hol-groepie die merkers gevind het en die grasse platgestap het, was dit aansienlik makliker vir die agterste twee groepe wat ietwat stadiger gestap het.

Dit is wel 'n baie mooi koppie. Mooi groot alwyne en bome, afgewissel met stukkie oop grasvlakte. Daar is ook so twee of drie spesifieke 'Uitkykpunte' van die roete af op die vlakte onder en die bergie oorkant die stofpad.



Kiepersolle en die Oranje/Rooi suur vruggies is ook te sien, Suurpruim?. Baie mooi.



Nou raak dit regtig warm en die pad lank. Waar 'n koeltetjie is word dit ook benut. Oral ook in die lang grasse is daar die intresantste sampioene en ander blommetjies asook die droe rakswamme op die ou dooie houtstompe.

Af met die koppie, oor 'n vlaktetjie en verby nog 'n dammetjie, dan sluit ons ons weer onder by die rivierpad aan en die laaste sowat 5km is dieselfde as die paadjie wat ons gekom het, langs die rivier stroom-op, oor die sement bruggie en stroom-af . Verby die kampeerterein en oor die pad tot by die Lodge. Alles en alles, 'n baie mooi roete met veral sy rivier front, maar lank en die paadjie-soek het dit ook ietwat moeiliker gemaak. My GPS sê dit was so 15.7km.



By die kamp gekom, na 'n stywe stapdag, heerlijk die middag ontspan. Elkeen na sy smaak. Daar is ook 'n swembadje en self 'n jakuzi. Ander verwonder hul weer aan al die oudhede en ou plaasimplemente in die tuin en oral in die lodge. Ek het



gereel dat die Lodge, na bietjie aanmoediging, vir ons pap en sous maak die satedag-aand en Norma het gereel dat Johan in die dorp deeg en konfeit koop en sy

bak toe vir ons 'n heerlike broodjie. So saam met elkeen se eie vleisie, mielies, ander groentes en met heerlike vars warm brood en konfeit as voorgereg en lekker pap en sous as by-kos was dit 'n wenner-aandete. Sommige kuier nog laat om die vuur tot die hondjies opbou blaf.

Net 'n Pluimpie aan Rudi. Een van die dames in ons groep het ietwat gesukkel om bo te kom op die stapelbedjie sonder 'n leer, veral met 'n rug wat nie wel is nie en hy 'plaas haar toe oor' na 'n privaat kamer met 'n groot plat dubbelbed op grondvlak. Dankie Rudi.

Sondag oggend stap ons die baie korter 'Berg Roete'. Dit word op die kaart aangedui as 2.2km, maar blyk to sowat 3.5 te wees. Dit begin redelik gou redelik steil te styg, maar darm nie vir te lank nie. Net toe van die mense dink dit is tyd om om te draai, die bergie raak nou ietwat te aanhoudend, begin ons



bietjie kontoer

te stap. Verby 'n 'kortpad' na die kloof, maar ons is braaf en doen die volle ding. Intresant is die hekke in die heinings op die plaas, Hulle skranier Bo en moet dan opgelig word. Nie oral lere of V-vorm hekkies nie. Ons styg toe nie SO hoog nie, nie meer as 100m nie. Maar tog hoog genoeg om mooi uitdigte op die valei onder en die vorige dag se roete te kry.

Dan na die stukkie kontoerpad en mooi groot rots-mure/krans-formasies begin ons te af. Party gly meer as ander, maar ons kom af. Ek koop ook my stukkie grond met 'n slag. Jan is darm byderhand om my weer op te help teen die skuiste met sy los klipies.

Ons is die vorige aand ook ge-waarsku daar is 'n 'tou-roete' wat 'n paar mense met vrees vir styltes en hoogtes heeltemal op hol gejaag het, maar dit blyk toe net sowat 10 meter te wees wat net redelik styl uitgaan in die veld op, met 'n tou om aan vas te hou en jou op te trek. Geen hoogtes of afgronde hier nie. Dan deur 'n baie mooi klofie met 'n stroompie met min water. En dan is ons regtig oppad af. Ons agter-groepie wag darm vir my toe ek my selfopgelegde reel moes nakom en ten minste een per dag op die roete 'n teetje stook op die roete. Eindelijk toe heerlijk rustig gesit en kuier. Dankie aan my wag-en-kuier-maatjies. Met die afkom groet 'n zebra ons toe ook.

n Tydjie later by die kamp aangekom. Heerlik warm gestort, en nog bietjie gekuier. Dan is ons op pad. Sowat 40km noord van Bronkhorstspruit, is dit nie so ver nie. Baie rofweg, tussen Ezemvelo en Kingdom.

Ek het bespreek direk by die eienaars. Johan:083 490 1710 en Ria: 082 741 9610 en Johan se Seun Rudi 061 353 3270 het ons ook baie vriendelik gehelp. Epos: BergEnRivier@gmail.com of www.BergEnRivier.co.za Jy sou ook net vir n dag hier kon kom stap, speel op die rivier of 4x4 ry.

Meeste mense het gevoel dit is ietwat duur vir dit wat ons gekry het, maar ons het steeds lekker gestap en gekuier. Dalk volgende keer in die rivier-kamp gaan oorslaap as ons daar 'n billike prys kan kry.

Finasies

Kostes: Ons vra R485 per lid en R515 vir nie-lede vir die naweek se oornagstap.

Inkomstes: : **R10730.00**
 Stap & Plus fooie : (R485x20)+(R515x2)+(1xR110) : R10730.00

Uitgawes: **R10670.00**
 Stapfooi 22 persone oornag (R475 vir die naweek)x22, 1xR100 dagstap : **R10550.00**

Brikette(4sakke@R25/sak)+Aanstekers(2xR10) : R120.00
 Projek oorskot : **R60.00**

Vriendelike

Nomades

stapgroete

Marius Stander

MariusStanderPTA@gmail.com

Sien gerus ook

WWW.NOMADES.CO.ZA

vir vorige stapverslae en roeteterugvoer en ook Nomades se jaarprogramme, kontak inligting, bankinfo en meer.

2017/03/30

Inhoud en Fotos MS

